Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE ASSESSERING
# ALGEMENE ONDERWYSSERTIFIKAAT (AOS)




## 2024 GRAAD 9 PROEFSTUDIE

Vak: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Punte: 70

Tydsduur: 150 Minute
15 minute leestyd **uitgesluit**

Hierdie toets bestaan uit **23** bladsye die voorblad uitgesluit.

Downloaded from Stanmorephysics.com



Downloaded from Stanmorephysics.com

**Instruksies aan die leerder**

1. Jy sal 15 minute leestyd ontvang voordat jy hierdie vraestel begin beantwoord.
2. Lees alle instruksies en vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord alle vrae.
4. <u>Beantwoord al die vrae in die antwoordboek wat verskaf word.</u>

**Die toets begin op die volgende bladsy.**



**Moenie omblaai voordat jy gesê word om dit te doen nie.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Vraag 1: Leesbegrip

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Danksy Cyril se R350-toelae is Nicky nou baas van sy eie groenteplaas**

1 "Hoeveel brood kan jy nou koop met R350?" het Nicky Jafta (60) van De Novo, naby Kraaifontein, gedink toe pres. Cyril Ramaphosa die armoedetoelae tydens die Covid-19-inperking aangekondig het.

2 Hy het daardie toelae van R350 in sy groentetuintjie belê. Vandag is hy die "trotse boer" van sy eie groentetuin. Dit sit kos op sy tafel en hy kan die ekstra geld in sy sak steek.

3 "As jy 'n kans in die lewe kry, moet jy dit aangryp", sê Nicky Jafta. Hy is oorspronklik van Pofadder in die Noord-Kaap, waar sy familie boer. Dit is waar hy sy groen vingers van sy ma se familie gekry het.

4 Die hele wêreld is swaar getref deur die Covid-19-pandemie. Hy het al voor die pandemie met sy tuintjie begin, maar toe was dit baie klein. Hy het maar vier pampoene per jaar gekweek.

5 Nicky bly op die plaas saam met sy vrou, Lynette (60), en hul seun, Keaton (30). "Toe die R350-toelae uitkom, was ek werkloos. Voor dit was ek 'n trokbestuurder. Ek het net gedink hoeveel brode kan ek nou van die R350 koop? Ek sal dit op 'n manier moet vermeerder om vir my familie te sorg. Ek het dit toe in my tuin ingeploeg en stadig maar seker kon ek meer en meer kos op ons tafel sit."

6 Nicky is nou 'n pensioenaris. Hy is dankbaar vir Marius Mans, die boer wat hom gehelp het om die grond vir sy tuin om te ploeg. Sy tuin het so groot geword dat hy groente aan sy bure verkoop het om ekstra geld te maak.

7 Die *SA Institute for Entrepreneurship* het hom verlede jaar besoek vir 'n kostuinprojek. Hulle het toe 'n TikTok-video oor sy tuin gemaak. Toe het Jafta se besigheid begin groei, want meer mense het van hom geweet.

Downloaded from Stanmorephysics.com

8 Nou verkoop hy van sy groente – soos uie, skorsies, botterskorsies, pampoen, soetrissie, tamatie en groenboontjies (sy beste verkoper) – in grootmaat aan mense van Stellenbosch.

9 Lynette sê haar man staan soggens 05:00 op om in die tuin te werk. Saans gaan slaap hulle saam met die hoenders. Aan ander intrepreneurs sê sy: “As dit onsuksesvol is, is dit oukei, maar moenie tou opgooi nie. Ons het klein begin en het ver gevorder.”

10 Nicky sê hy is baie trots op sy tuin. “Ek wil eendag graag ander jongmense ook leer hoe om ’n groentetuin te begin. Dan sal hulle iets beter van hulle lewens kan maak in plaas daarvan om lang vingers te kry”. Aan jongmense sê hy: “Kom werk vir ’n jaar saam met my in my groentetuin. Dan sal ek vir jou ’n stukkie van my grond verniet gee asook vier pakkies groentesaad.”

11 Keaton sê hy bewonder sy pa vir sy harde werk. “Ek het gesien hoe hy met ’n klein stukkie begin en kyk waar is hy vandag. Hy is my rolmodel en inspireer my om ook groot dinge te bereik.”

*Aangepas uit: https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/danksy-cyril-se-r350-toelae-is-nicky-nou-baas-van-sy-eie-groenteplaas-20240224*

1.1 Waarin het Nicky Jafta sy R350-toelae belê?

A groentetuintjie

B trokke

C brood

D blomme (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.2 Wanneer is hierdie toelae ingestel?

A na die verkiesing
B voor die verkiesing
C voor die Covid-19-inperking
D tydens die Covid-19-inperking (1)

1.3 Wat is 'n "pandemie" in Paragraaf 4?

A 'n siekte wat net in sekere areas voorkom
B 'n siekte wat glad nie ernstig is nie
C 'n siekte wat baie gou oor die hele wêreld versprei
D 'n siekte wat vinnig verdwyn (1)

1.4 Voltooi die volgende sin.
Toe die R350-toelae uitkom, was Nicky ...

Stanmorephysics.com

A 'n trotse boer.
B werkloos.
C 'n tuinier.
D trokbestuurder. (1)

1.5 Wat het Nicky begin doen om ekstra geld te kry? (Paragraaf 6)

A Hy het groente aan sy bure verkoop.
B Hy het meer brode verkoop.
C Hy het trokke bestuur.
D Hy het TikTok-video's begin maak. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.6 Waarom is Nicky so bly dat hy die boer, Marius Mans, ontmoet het?

A Die boer het 'n TikTok-video oor sy tuin gemaak.
B Die boer het Nicky op 'n tuinboukursus gestuur.
C Die boer help hom om die grond vir sy tuin om te ploeg.
D Die boer help hom om sy groente te verkoop. (1)

1.7 Wanneer 'n mens 'groen vingers' het, beteken dit ...

A jou vingers is groen van al die tuinwerk.
B jou vingers is bedoel om net buite te werk.
C jy het vingers wat jou kan help om meer geld te maak.
D jy kan maklik plante laat groei. (1)




1.8 Nicky is nou 'n pensioenaris, want ...

A hy is ouer as 60 jaar.
B hy is jonger as 60 jaar.
C hy werk nie meer nie.
D hy werk nogsteeds. (1)

1.9 "Moenie tou opgooi nie."

Wat beteken bostaande idiomatiese uitdrukking?

A Moenie tuin maak nie.
B Moenie tou spring nie.
C Moenie moed verloor nie.
D Moenie aanhou nie. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.10 Watter stelling van Nicky Jafta is ŉ feit?

A Nicky Jafta is 'n skande vir die mense van Kraaifontein.

B Nicky Jafta leef net van die staat en sy R350-toelae.

C Nicky Jafta is lui en maak net video's op TikTok.

D Nicky Jafta is 'n suksesvolle besigheidsman. (1)

1.11 Wat bedoel Nicky as hy sê die jongmense wat werkloos is moenie lang vingers kry nie? (Paragraaf 10)

A Die jongmense moenie sy groente koop nie.

B Die jongmense moenie steel nie.

C Die jongmense moenie groenvingers kry nie.

D Die jongmense moenie tuinmaak nie. (1)

1.12 Watter stelling is waar?

A Keaton is skaam vir sy pa wat in 'n groentetuin werk.

B Keaton is bly hy het ook 'n klein tuintjie wat 'n plaas kan word.

C Keaton is sy pa en ma se rolmodel omdat hy Nicky se seun is.

D Keaton is trots op sy pa en sien hom as 'n inspirasie. (1)

1.13 Hoe was Nicky se lewe net voor die R350-toelae en na die R350-toelae?

A Nicky was ŉ trokbestuurder net voor die toelae en ŉ tuinier na die toelae.

B Nicky was werkloos voor die toelae en het in tuine gewerk na die toelae.

C Nicky het voor die toelae met sy tuintjie begin en na die toelae het hy ŉ suksesvolle groenteboer geword.

D Nicky was ŉ groenteverkoper voor die toelae en ŉ sakeman na die toelae. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.14 "Saans gaan slaap hulle saam met die hoenders". (Paragraaf 9)

Wat is die figuurlike betekenis van bostaande uitdrukking?

A Hulle gaan slaap saans baie vroeg.
B Hulle gaan slaap saans baie laat.
C Hulle gaan slaap saam met die hoenders in die hoenderhok.
D Hulle staan soggens saam met die hoenders op. (1)

1.15 "Kom werk vir 'n jaar saam met my in my groentetuin. Dan sal ek vir jou 'n stukkie van my grond verniet gee asook vier pakkies groentesaad." (Paragraaf 10)

Na anleiding van die bostaande sin, hoe word jongmense bevoordeel?

A Jongmense sal in sy groentetuin kom werk.
B Jongmense word aangemoedig om net vir 'n jaar te werk.
C Jongmense sal die R350-toelae gebruik om 'n plaas te koop.
D Jongmense word geïnspireer om iets van hul lewe te maak. (1)

1.16 Wat is die hoofgedagte van die teks?

A 'n Mens moet 'n groentetuin hê om te kan oorleef.
B 'n Mens moet 'n kans aangryp om iets van jou lewe te maak.
C 'n Mens moet elke maand 'n R350-toelaag ontvang om te kan leef.
D 'n Mens moet in Kraaifontein woon en saam met Nicky Jafta boer. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.17 "Nou verkoop hy van sy goente - uie, skorsies, botterskorsies, pampoen, soetrissie, tamatie en groenboontjies (sy beste verkoper) – in grootmaat aan mense van Stellenbosch." (Paragraaf 8)

Wat is die doel van die hakies in bostaande sin?

A Dit beklemtoon sy harde werk.
B Dit dui sy opgewondenheid aan.
C Dit dui ekstra inligting aan.
D Dit beklemtoon die gewildste groente. (1)

1.18 As dit onsuksesvol is, is dit ook oukei, maar moenie opgee nie.

Kies die gepaste betekenis vir 'onsuksesvol'?




A 'n mislukking
B 'n probleem
C 'n foutjie
D 'n poginkie (1)

1.19 Wat, dink jy, is die joernalis se gevoel oor Nicky Jafta se gebruik van sy R350-toelaag?

A Die joernalis dink Nicky Jafta is 'n held.
B Die joernalis dink Nicky Jafta is 'n pensionaris.
C Die joernalis dink Nicky Jafta is 'n megaboer.
D Die joernalis dink Nicky Jafta is 'n entrepreneur. (1)

1.20 Watter groep mense sal verkies om hierdie teks te lees?

Mense wat …

A TikTok-video's van groentetuine maak.
B honger en desperaat is.
C van suksesverhale hou en inspirasie soek.
D aansoek wil doen vir 'n R350-toelae. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.21 "Hoeveel brood kan jy nou koop met R350?" (Paragraaf 1)
Waarom dink jy vra Nicky Jafta hierdie vraag?

A Om die leser brood te laat koop.
B Om die leser te laat nadink oor die vraag.
C Om die leser kwaad te maak oor die min geld.
D Om die leser te laat wonder oor die prys van brood. (1)

1.22 "Vandag is hy die 'trotse boer' van sy eie groentetuin". (Paragraaf 2)
Wat is die joernalis se toon in hierdie sin?

A bewondering
B sarkasties
C skepties
D sinies (1)




1.23 Wat sou gebeur het as Nicky Jafta nie sy R350-toelae vir sy groentetuin gebruik het nie?

A Jafta se gesin sou nie op televisie verskyn het nie.
B Jafta se gesin sou nie die R350-toelae ontvang het nie.
C Jafta se gesin sou nie die mense van Pofadder kon help nie.
D Jafta se gesin sou nie so suksesvol gewees het nie. (1)

1.24 Watter afleiding kan jy oor Nicky Jafta maak nadat jy die teks gelees het?

A Nicky Jafta is 'n kansvatter wat mense wil uitbuit.
B Nicky Jafta is gemotiveerd om alle jongmense werk te gee.
C Nicky Jafta is 'n harde werker en het 'n sukses van sy lewe gemaak.
D Nicky Jafta is trots en wil net in TikTok-video's wees. (1)

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

1.25 Watter gevolgtrekking kan jy maak nadat jy die teks gelees het?

A Almal moet elke geleentheid in die lewe aangryp.
B Almal moet hard werk en groentetuine begin.
C Net mense met lang vingers gaan werk kry.
D Net mense met groen vingers gaan suksesvol wees. (1)

**[25]**




Downloaded from Stanmorephysics.com

Vraag 2: Visuele tekste

2.1: Infografiek

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.




2.1.1 Wat is die doel van die teks?

A adverteer motors

B adverteer afstande

C om te wys hoe petrolpryse styg

D om te wys watter afstande motors kan ry (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.1.2 Wie is die teikengroep van die infografiek?

A mense wat van motors hou
B mense wat motors wil koop
C passasiers
D motoriste (1)

2.1.3 Waarom word die petrolpompe jaarliks groter uitgebeeld?

A om aan te dui hoe die petrolprys verhoog
B om aan te dui hoe die petrolprys verlaag
C om aan te dui dat petrol goedkoop is
D om aan te dui dat petrol duur is (1)

2.1.4 Die boonste rye prentjies van motors dui aan …

A hoe ver jy met R1000 se petrol kan ry.
B hoe ver jy met R500 se petrol kan ry.
C hoe ver jy met R400 se petrol kan ry.
D hoe ver jy met R700 se petrol kan ry. (1)


2.1.5 Die lengte van die pad waarop die motors ry, dui aan dat ...

A Jy nader in 2020 as 2023 kon ry.
B Jy die verste in 2021 kon ry.
C Jy die minste in 2022 kon ry.
D Jy verder in 2020 as 2023 kon ry. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.2: Spotprent

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.




*Bron: Die Burger 7 Oktober 2023*

2.2.1 Waar vind die gebeure plaas? (1)

2.2.2 Wat dui aan dat karakter 2 (die man) verbaas is? (1)

2.2.3 Identifiseer en verduidelik die humor in die spotprent. (2)

2.2.4 Wat is karakter 1 (die vrou) besig om te doen? Motiveer jou antwoord. (2)

2.2.5 Watter emosie word deur karakter 1 (die vrou) se gesigsuitdrukking uitgebeeld? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.2.6 Wat is die boodskap wat die spotprent oordra? (1)

2.2.7 Watter tyd van die dag vind die gebeure plaas? Motiveer jou antwoord. (2)

**[15]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Vraag 3: Opsomming

Ry jy saam met jou ouers in slegte weer? Hier volg ‘n paar padwenke hoe om veilig te bestuur indien daar ‘n vloed is. Lees die teks hieronder en maak `n opsomming oor hoe om in slegte weer te bestuur.

Instruksies:

1. Skryf SEWE wenke hoe om in slegte weer te bestuur.
2. Nommer jou sinne van 1 tot 7.
3. Skryf slegs EEN feit per sin.
4. Gebruik sover as moontlik jou eie sinne.
5. Jou opsomming moet tussen 60-70 woorde lank wees.
6. Dui die getal woorde aan die einde van jou opsomming in hakies aan.
7. Jy hoef nie ʼn titel vir jou opsomming te gee nie. **[10]**



**Padwenke om in slegte weer te bestuur**

Dit gebeur soms dat dit nodig is om in slegte weer te bestuur.

Skakel jou hoofligte aan sodat jy duidelik sigbaar is vir ander motoriste. Dit is baie moeilik vir ander motoriste om jou in slegte weer te sien. Bly in jou baan en moenie probeer om die motor voor jou verby te gaan nie. Slegte weer veroorsaak dat jy nie ver voor jou kan sien nie.

Wanneer dit hard reën, is daar dikwels waterpoele in die pad. Moenie deur die waterpoele jaag nie. Die poele kan dieper wees as wat jy dink. Jou motorbande kan skade opdoen. Verminder spoed en ry in eerste of tweede rat. As jou motor gaan staan, maak seker die stroom gaan jou nie meesleur nie.

Vermy om deur lopende water te ry. Water is sterk genoeg om vragmotors mee te sleur. Jou motor staan nie ‘n kans teen ‘n sterk stroom nie. Indien jy halfpad deur die stroom voel dat jou motor dwars begin dryf, maak dadelik ‘n deur oop om water in te laat. Dit sal jou motor swaarder maak, sodat jy jou greep op die pad kan behou. As jou motor gaan staan, maak seker die stroom gaan jou nie meesleur nie.

Hou ʼn veilige volgafstand tussen jou en die motor voor jou. Dit gee jou tyd om betyds te stop. As jy dink daar is water in die enjin, vra om hulp. Die olie moet gedreineer word. Dit is beter om die taak vir ‘n kenner te los.

Die bogenoemde wenke kan jou veilig hou maar dit bly steeds beter om so ver moontlik nie te bestuur in slegte weer nie.

*Verwerk en aangepas uit: Weg Januarie-Maart uitgawe 2024*

Downloaded from Stanmorephysics.com

Vraag 4: Taalstrukture en -konvensies

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Vrou dink sy ry deur water, toe 'sluk' pad haar motor in**

1 Maya Angela Buys (27), ’n jong vrou van Kaapstad, het Donderdag haar kêrel by die werk afgelaai.

2 Sy het net ná 07:00 in Chapelstraat gery toe sy in die sinkgat beland het. “Sjoe, ek het baie water oor die pad sien loop! Ek het egter nie gedink dit is so erg nie.” sê sy. Toe sy besef sy sak weg, was haar eerste reaksie om vinnig uit die motor te spring. Die mense agter haar het ook nie die gat gesien nie. “Hulle het gesê as hulle voor my was, sou hulle definitief in die gat vasgesit het.” Maya sê: “My hart was gebreek toe ek my motor se skade sien.”

3 Sy het Woensdag dieselfde roete gery, maar toe was daar nie ’n gat in die pad nie. “Die skade aan my kar is baie groot. Ek weet nie of dit meer kan ry nie. Baie water het in my kar ingestroom.

4 Buys sê drie insleepvoertuie het gehelp om haar motor, ’n Kia Picanto, uit die gat te kry. Dit is nou by die versekering vir inspeksie.

5 Die inwoners het ongeveer 06:00 die water oor die pad sien loop. Hulle het dit by die Kaapstad-metro aangemeld. Die brandweer sê hulle het om en by 07:25 op dié voorval gereageer. Volgens hulle is niemand beseer nie.

6 Zahid Badroodien, die metro se komiteelid vir water en sanitasie, sê hulle het Donderdagoggend gereageer op klagtes dat ’n pyp in Chapelstraat, Woodstock, gebars het. Met hul aankoms op die toneel het hulle ’n voertuig in ’n sinkgat gevind. Badroodien sê meer inligting is nog nie bekend nie.

7 Hy sê spanne is besig om die watertoevoer te herstel en dit behoort teen Donderdag afgehandel te word. “Die pad sal herstel word sodra die gebied veilig is.” Dit sal aan die metro se paaie-afdeling oorhandig word sodat die pad herstel kan word.”

8 Siseko Mbandezi, komiteelid vir finansies, sê inwoners kan in gevalle soos hierdie ’n eis by die metro se versekering indien en ’n eisvorm invul.

*Aangepas uit: Die Burger 29 Februarie 2024*

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.1 Watter tipe selfstandige naamwoord is 'Maya'? (Paragraaf 2)

A versamelnaam
B soortnaam
C eienaam
D abstrakte (1)

4.2 "Sjoe, ek het baie water oor die pad sien loop!" (Paragraaf 2)

Identifiseer die tipe sin in die bostaande sin.

A bevelsin
B uitroepsin
C stelsin
D vraagsin (1)




4.3 Wat is 'n sinoniem vir 'definitief?' (Paragraaf 2)

A beslis
B miskien
C dalk
D moontlik (1)

4.4 "Sy het net ná 07:00 in Chapelstraat gery toe sy in die sinkgat beland het."
Wat is die doel van die onderstreepte voorvoegsel in beland?' (Paragraaf 2)

A om die betekenis van die sin te verander
B om die betekenis van die aanhaling te verander
C om die betekenis van die woord te verander
D om die betekenis van die paragraaf te verander (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.5 Die motor waarmee ek ry, is vol water.

Die onderstreepte gedeelte van die bostaande sin in ŉ voorbeeld van ŉ …

A bywoordelike bysin.
B saamgestelde sin.
C enkelvoudige sin.
D byvoeglike bysin. (1)

4.6 Sy wou deur die water ry; … het haar motor in die sinkgat beland.

Voltooi die bostaande sin deur die gepaste voegwoord te gebruik.

A maar
B omdat
C voordat
D daarom (1)




4.7 'Maya Angela Buys (27), ŉ jong vrou van Kaapstad, …' (Paragraaf 1)

Die onderstreepte woord in die bostaande sin is ŉ voorbeeld van ŉ …

A selfstandige naamwoord.
B byvoeglike naamwoord.
C persoonlike voornaamwoord.
D onpersoonlike voornaamwoord. (1)

4.8 Sy het vinnig gereageer deur uit die motor te spring.

Die onderstreepte woord in die bostaande sin is ŉ voorbeeld van ŉ …

A bywoord van graad.
B bywoord van tyd.
C bywoord van plek.
D bywoord van wyse. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.9 Die polisie het gister ŉ voertuig op sy dak in die sinkgat gevind.

Kies die korrekte lydende vorm van die bostaande sin.

A ŉ Voertuig was gister deur die polisie op sy dak in die sinkgat gevind.
B ŉ Voertuig word gister deur die polisie op sy dak in die sinkgat gevind.
C ŉ Voertuig is gister deur die polisie op sy dak in die sinkgat gevind.
D ŉ Voertuig kon gister deur die polisie op sy dak in die sinkgat gevind word. (1)

4.10 "Vrou dink sy ry deur water, toe 'sluk' pad haar motor in."

Wat is die ander betekenis van die woord 'sluk'?

A om iets te eet of drink
B om in iets te val
C om in iets te glo
D om iets te geniet (1)

4.11 Ek loop verby die water wat in die sinkgat loop.

Gee die twee korrekte betekenisse van die woord 'loop' in die bostaande sin.

A hardloop/val
B staan/borrel
C stap/vloei
D kruip/stort (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.12 Sy het Woensdag dieselfde roete gery, maar toe was daar nie 'n gat in die pad nie.

Die korrekte afkorting vir Woensdag is …

A Ws.
B Woe.
C Wns.
D Wo. (1)

4.13 "Sy het net <u>ná</u> 07:00 in Chapelstraat gery toe sy in die sinkgat beland."

Wat is die funksie van die aksentteken op die woord <u>ná</u> in die bostaande sin?

A om die klank aan te dui
B om die klem op die woord te lê
C om die betekenis aan te dui
D om die woord te onderskei (1)

4.14 "Hulle het dit by die Kaapstad-metro aangemeld."

Watter tipe voornaamwoord is 'hulle' in die bostaande sin.

A aanwysende
B persoonlike
C wederkerende
D betreklike (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.15 Die inspeksievoertuie het haar (heriner/herrener/herinner/herrinner) om haar versekering te kontak.

Kies die korrekte spelling van die woord tussen hakies.

A heriner
B herrener
C herinner
D herriner (1)

4.16 "Die skade aan my kar is baie groot."

Kies die korrekte toekomende tydsvorm.

A Die skade aan my kar sal baie groot wees.
B Die skade aan my kar kon baie groot gewees het.
C Die skade aan my kar kan baie groot gewees het.
D Die skade aan my kar sou baie groot wees. (1)

4.17 Mbandize sê: "Alle eise sal op meriete beoordeel word."

Wat is die korrekte indirekte rede vir bostaande sin.

A Mbandize sê dat alle eise op meriete beoordeel is.
B Mbandize sê dat alle eise op meriete beoordeel sou word.
C Mbandize sê dat alle eise op meriete beoordeel gaan word.
D Mbandize sê dat alle eise op meriete beoordeel sal word. (1)

4.18 Watter sin is ŉ voorbeeld van stereotipering?

A Party vrouens is swak bestuurders.
B Alle vrouens is swak bestuurders.
C Sommige vrouens is swak bestuurders.
D Sommige vroue is redelike swak bestuurders. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.19 Wat is die funksie van ŉ inleidingsparagraaf?

A Die inleidingsparagraaf gaan oor die opsomming van die teks.
B Die inleidingsparagraaf gaan oor die gevolgtrekking van die teks.
C Die inleidingsparagraaf gaan oor die doel van die teks.
D Die inleidingsparagraaf gaan oor die slotsom van die teks. (1)

4.20 "My hart was gebreek toe ek my motor se skade sien." (Paragraaf 2)
Gee die figuurlike betekenis van die bostaande sin.

A Sy was ongelukkig.
B Sy was geskok.
C Sy was verward.
D Sy was hartseer. (1)




**[20]**

**Einde van die toets**

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**AOS PROEFSTUDIE**
**NASIENRIGLYNE 2024**
**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**GRAAD 9**

- *Een punt per antwoord.*
- *Geen halwe punte word toegeken nie.*

Vraag 1

| **Nr.** | **Moontlike antwoorde** | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | A | groentetuintjie | ✓ |
| 1.2 | D | Tydens die Covid-19-inperking | ✓ |
| 1.3 | C | ‘n siekte wat baie gou oor die hele wêreld versprei | ✓ |
| 1.4 | B | werkloos. | ✓ |
| 1.5 | A | Hy het groente aan sy bure verkoop. | ✓ |
| 1.6 | C | Die boer help hom om die grond vir sy tuin om te ploeg. | ✓ |
| 1.7 | D | jy kan maklik plante laat groei. | ✓ |
| 1.8 | A | hy is ouer as 60 jaar. | ✓ |
| 1.9 | C | moenie moed verloor nie. | ✓ |
| 1.10 | D | Nicky Jafta is ‘n suksesvolle besigheidsman. | ✓ |
| 1.11 | B | Die jongmense moenie steel nie. | ✓ |
| 1.12 | D | Keaton is trots op sy pa en sien hom as ‘n inspirasie. | ✓ |
| 1.13 | C | Nicky het voor die toelae met sy tuintjie begin en na die toelae het hy ʼn suksesvolle groenteboer geword. | ✓ |
| 1.14 | A | Hulle gaan slaap saans baie vroeg. | ✓ |
| 1.15 | D | Jongmense word geïnspireer om iets van hulle lewe te maak. | ✓ |
| 1.16 | B | ʼn Mens moet ‘n kans aangryp om iets van jou lewe te maak. | ✓ |
| 1.17 | C | Dit dui ekstra inligting aan. | ✓ |
| 1.18 | A | ʼn mislukking | ✓ |
| 1.19 | D | Die joernalis dink Nicky Jafta is ʼn entrepreneur. | ✓ |
| 1.20 | C | van suksesverhale hou en inspirasie soek. | ✓ |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| Nr. | Moontlike antwoorde | | |
|---|---|---|---|
| 1.21 | B | Om die leser te laat nadink oor die vraag. | ✓ |
| 1.22 | A | bewondering | ✓ |
| 1.23 | D | Jafta se gesin sou nie so suksesvol gewees het nie. | ✓ |
| 1.24 | C | Nicky Jafta is ‘n harde werker en het ‘n sukses van sy lewe gemaak. | ✓ |
| 1.25 | A | Almal moet elke geleentheid in die lewe aangryp. | ✓ |

Vraag 2.1

| Nr. | Moontlike antwoorde | | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | C | om te wys hoe petrolpryse styg | ✓ |
| 2.1.2 | D | motoriste | ✓ |
| 2.1.3 | A | om aan te dui hoe die petrolprys verhoog | ✓ |
| 2.1.4 | B | hoe ver jy met R500 se petrol kan ry. | ✓ |
| 2.1.5 | D | Jy verder in 2020 as 2023 kon ry. | ✓ |

- *Moenie leerders meer as eenkeer vir die dieselfde fout penaliseer nie.*
- *Geen halwe punte word toegeken nie.*

Vraag 2.2

| Nr. | Moontlike antwoorde | Verduideliking | Punt |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | kombuis✓<br>**OF**<br>eetkamer✓<br>**OF**<br>huis✓<br>**OF**<br>woning✓<br>**OF**<br>Tuis(te) | Ken ‘n punt toe vir die gepaste antwoord. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| Nr. | Moontlike antwoorde | Verduideliking | Punt |
|---|---|---|---|
| 2.2.2 | Vraagteken (?)✓<br>**OF**<br>Uitroepteken (!)✓<br>**OF**<br>Leesteken✓<br>**OF**<br>Wenkbroue gelig✓<br>**OF**<br>Mond is klein✓<br>**OF**<br>Oë is groot✓ | Aanvaar enige gepaste antwoord. | 1 |
| 2.2.3 | Die man lyk verbaas/ verstom/geskok ✓ omdat hy moes kies tussen eiers of diesel nie. ✓<br>**OF**<br>Die vrou bring twee sake wat vir die man belangrik is, onder sy aandag ✓ en hy moet ’n keuse maak. ✓ | Identifiseer✓en verduidelik✓ die humor.<br><br>Aanvaar enige relevante antwoord.<br><br>(Wat is die werklikheid teenoor die verwagting) | 2 |
| 2.2.4 | Sy maak kos. ✓<br>**OF**<br>Sy bak eiers.✓<br>**OF**<br>Sy maak ontbyt.✓<br><br>Sy het `n eierspaan in haar hand✓<br>**OF**<br>Sy het `n voorskoot aan. ✓<br>**OF**<br>Daar is `n kombuis agter haar. ✓ | Een punt word toegewys aan die aksie✓ en die ander punt vir die motivering.✓<br><br>Aanvaar enige relevante antwoord. | 2 |
| 2.2.5 | moedeloos✓<br>raadop✓<br>moeg✓<br>verbaas✓<br>bekommerd✓<br>gestres✓ | Aanvaar enige relevante antwoord. | 1 |
| 2.2.6 | eiers is duur✓<br>**OF**<br>voëlgriep het `n impak op eierpryse✓<br>**OF**<br>dieselpryse en eierpryse is hoog✓<br>**OF**<br>Mense verstaan nie altyd wat items kos nie✓ | Een punt indien die korrekte gevoel weergegee word.<br><br>Aanvaar enige relevante antwoord. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| Nr. | Moontlike antwoorde | Verduideliking | Punt |
|---|---|---|---|
| 2.2.7 | Oggend/more/soggens✓<br><br>Vrou bak eiers✓<br>**OF**<br>Koffie staan op die tafel✓<br>**OF**<br>Man trek aan om werk toe te gaan✓<br>**OF**<br>Vrou praat van ontbyt✓ | Aanvaar enige relevante antwoord. | 2 |

| Vraag 3: Opsomming | | | |
|---|---|---|---|
| **MOONTLIKE ANTWOORDE**: <u>Enige 7</u> relevante feite sal aanvaar word. | | | |
| 1 | Skakel jou hoofligte aan.✓ | **INHOUD**:<br>1 punt per relevante/sinvolle feit = 7 punte<br><br>Moenie penaliseer vir taal en spelfoute wat nie die betekenis verander nie.<br><br>**TAAL:**<br>**Om te voorkom dat leerders nie gepenaliseer word vir spelfoute nie, dui taalpunte soos volg aan.**<br><br>1-3 feite korrek = +1 punt<br>4-5 feite korrek = +2 punte<br><br>6-7 feite korrek = +3 punte<br><br>**Moenie leerders penaliseer vir die verkeerde formaat, direkte** | **10** |
| 2 | Bly in jou baan.✓ | | |
| 3 | Moenie deur waterpoele jaag nie.✓ | | |
| 4 | Moenie deur lopende water ry nie.✓ | | |
| 5 | Ry stadiger. ✓ | | |
| 6 | Maak 'n deur oop as die motor begin dryf.✓ | | |
| 7 | Hou 'n veilige volgafstand. ✓<br><br>**Die volgende sal ook aanvaar word:**<br><br>Moenie ander motors verbygaan nie.✓<br>Vra hulp as jou motorenjin nat geword het.✓<br>Maak 'n deur oop om 'n greep op die pad te behou.✓<br>Ry in eerste of tweede rat.✓ | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | **aanhalings of verkeerde/ ontbrekende getal woorde nie.**<br><br>**Indien die leerder die getal woorde oorskry, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**<br><br>**Moenie penaliseer indien daar nie bewys van beplanning is nie.**<br>**Merk die beplanning indien die finale poging ontbreek of nie voltooi is nie.** | |




Vraag 4: Taalstrukture- en konvensies

| Nr. | Moontlike antwoorde | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | C | eienaam | ✓ |
| 4.2 | B | uitroepsin | ✓ |
| 4.3 | A | beslis | ✓ |
| 4.4 | C | om die betekenis van die woord te verander | ✓ |
| 4.5 | D | 'n byvoeglike bysin. | ✓ |
| 4.6 | D | daarom | ✓ |
| 4.7 | B | byvoeglike naamwoord. | ✓ |
| 4.8 | D | bywoord van wyse. | ✓ |
| 4.9 | C | 'n Voertuig is gister deur die polisie op sy dak in die sinkgat gevind. | ✓ |
| 4.10 | A | om iets te eet of drink | ✓ |
| 4.11 | C | stap/vloei | ✓ |
| 4.12 | D | Wo. | ✓ |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| Nr. | Moontlike antwoorde | | |
|---|---|---|---|
| 4.13 | B | om die klem op die woord te lê | ✓ |
| 4.14 | B | persoonlike | ✓ |
| 4.15 | C | herinner | ✓ |
| 4.16 | A | Die skade aan my kar sal baie groot wees. | ✓ |
| 4.17 | D | Mbandize sê dat alle eise op meriete beoordeel sal word. | ✓ |
| 4.18 | B | Alle vrouens is swak bestuurders. | ✓ |
| 4.19 | C | Die inleidingsparagraaf gaan oor die doel van die teks. | ✓ |
| 4.20 | D | Sy was hartseer. | ✓ |

